# BUDGET 2011

Die publiek se gids

national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Issued by National Treasury, Private Bag X115, Pretoria,0001
**Enquiries:** Communications, Tel: (012) 315 5757, www.treasury.gov.za

**AFRIKAANS**

Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting- en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Dit dui aan hoe die regering geld gaan invorder en hoe dit spandeer gaan word. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.



# DIE REGERING BELÊ MILJARDE IN WERKSKEPPING

Die regering is besig om oor 'n tydperk van drie jaar miljarde rande in werkskeppingsinisiatiewe vir Suid-Afrikaners te belê, veral vir jongmense wat die grootste gedeelte van werkloses uitmaak.

**Hierdie is bykomend tot die werksgeleenthede wat deur ons beplande belegging van R809 miljard vir die bou van paaie, damme, elektrisiteitsaanlegte, en hawe- en spoorstelsels geskep is. Die regering gaan ook 'n verdere R70 miljard belê in die Uitgebreide Openbare Werke Program wat addisionele korttermyn werksgeleenthede sal skep.**

"Ons het 2011 ń jaar van werkskepping deur betekenisvolle ekonomiese transformasie en inklusiewe groei verklaar," het President Jacob Zuma in sy 2011 staatsrede gesê. "Ons spoor elke sektor en sake-entiteit aan… om op werkskepping te fokus. Elke bydrae tel in hierdie nasionale poging."

President Zuma het die skepping van ń werksfonds van R9 miljard aangekondig. Hierdie fonds sal spesifieke werkskeppingsprojekte finansier, veral daardie wat geleenthede vir indiensneming vir jongmense verbeter. Voorstelle vir sulke projekte sal van beide openbare- en privaatsektor organisasies kom, en sal nie-regeringsorganisasies en burgerlike samelewings instellings insluit. Die regering hoop dat dit tussen 50 000 en 100 000 werksgeleenthede oor die volgende drie jaar sal skep.

> "Die regering hoop ook om meer werksgeleenthede te skep met die bekendstelling van 'n aansporingsprogram vir vervaardigers"

'n Verdere R5 miljard word gebruik om ń jeug werksverkaffingsubsidie te implimenteer. Die subsidie is ń regeringsmaatreël wat daarop fokus om dit goedkoper te maak vir werkgewers om jong onervare werkers te huur. Terselfdertyd sal dit verseker dat jong werkers ń minimum loon ontvang en die indiensopleiding en werksondervinding wat hulle verkry sal hul kanse verbeter om voltydse werksgeleenthede te vind. "Indiensneming gaan nie slegs daaroor om ń inkomste te verdien nie – dit bevorder ook waardigheid, onafhanklikheid, prestasie en innovering. Om meer mense by ekonomiese aktiwiteit te betrek is die middelpunt van die regering se agenda," het die Minister van Finansies Pravin Gordhan gesê.

Amper die helfte van persone onder die ouderdom van 25 wat kan werk, was werkloos in 2010. Dié subsidie het ten doel om hierdie werkloosheidsuitdaging aan te spreek en sal omtrent 178 000 werksgeleenthede skep.

Die regering hoop ook om meer werksgeleenthede te skep met die bekendstelling van 'n aansporingsprogram vir vervaardigers. Dié program sal die sakesektor help om hul produksie prosesse te transformeer, kostes te beperk en meer doeltreffend te word. 'n Vereiste van hierdie transformasie is dat werkers opgelei sal moet word wat tot gevolg sal hê dat werkers hul vaardighede verbeter.

Die werksgeleenthede wat geskep sal word deur belegging in die bou van nuwe en die onderhoud van bestaande infrastruktuur sal ook help om kapasiteit te verhoog en die doeltreffendheid van die ekonomie te verbeter. ń Vinnig groeiende ekonomie kan bydrae tot verdere werksgeleenthede in die toekoms.

Met hierdie inisiatiewe het die regering ten doel om die vlak van werkloosheid in die land te verminder en om die lewensstandaard van alle inwoners te verbeter.



Final Afrikaans PGB 2011.indd 1 19/02/2011 16:28

# BEGROTINGS-HOOGTEPUNTE 2011

**Die vernaamste veranderinge aan die begroting oor die volgende drie jaar:**

**Bykomende toekennings**

- R10 miljard vir werkskepping, ontwikkeling van klein ondernemings, en indiensneming van die jeug
- R9.5 miljard om inskrywings aan Verdere Onderwys en Ontwikkelings (VOO) kolleges te verhoog en die ontwikkeling van vaardighede te verbeter
- R8.2 miljard om skoolfasiliteite te verbeter
- R7.9 miljard om basiese gesondheidsorg te verbeter, opknapping van hospitale en bestryding van MIV en Vigs
- R10.4 miljard vir openbare vervoer, paaie en spoorinfrastruktuur
- R7.2 miljard om menslike nedersettings, munisipale dienste en water infrastruktuur op te gradeer
- R2.8 miljard vir landelike ontwikkeling en ondersteuning van opkomende boere
- R8.9 miljard vir maatskaplike bestaansbeveiligingsvoordele en maatskaplike toelaes
- Ouderdoms- en ongeskikheidstoelae verhoog met R60 tot R1 140 per maand en die kinderonderhoudstoelaag sal verhoog tot R260 in April en R270 in Oktober
- R1.8 miljard aan munisipaliteite en provinsies om onmiddellike ramp behoeftes te hanteer

## BELASTING VOORSTELLE

- Persoonlike inkomstebelastingverligting van R8.1 miljard
- 'n Toename in die belastingvrye enkelbedrag voordeel met aftrede van R300 000 tot R315 000
- 'n Pakkie van 20 sigarette sal 80 sent meer kos
- 'n 750 ml bottel alkohol sal R2.73 meer kos
- 'n Liter vonkelwyn sal 30 sent meer kos
- 'n 340 ml blikkie bier sal 1 sent meer kos en 'n 340 ml blikkie appelwyn sal 6 sent meer kos
- Belasting op dobbel wengeld meer as R50 000
- Algemene brandstofheffing verhoging van 10 sent per liter, en 8 sent per liter meer vir die Padongelukke Fonds

## MAATSKAPLIKE TOELAES

| | 2010/11 | 2011/12 |
|---|---|---|
| Staatsouderdomspensioen | 1 080 | 1 140 |
| Ongeskiktheidstoelae | 1 080 | 1 140 |
| Kinderonderhoudstoelae | 250 | 270 |
| Pleegsorg toelae | 710 | 740 |
| Sorgafhanklikheidstoelae | 1 080 | 1 140 |
| Toelae vir oudstryders | 1 100 | 1 160 |

# NUWE PLAN OM ONDERWYS IN SUID-AFRIKA TE VERBETER

**Verbetering van die onderwysstelsel is een van die prioriteite wat die regering hulself ten doel stel om te bereik. In hierdie jaar se staatsrede, het President Zuma 'n drievoudige T konsep vir basiese onderwys aangekondig. Die drievoudige T's staan vir Opvoeders (Teachers), Handboeke (Textbooks) en Tyd. Onderwysers moet betyds in die klas wees en ten minste sewe ure per dag onderrig gee.**


Reeds oor die afgelope aantal jare word die grootste deel van die land se begroting aan ondewys toegeken. Hierdie jaar is geen uitsondering nie. Die regering besef dat opgeleide mense nodig is vir ń land om armoede en werkloosheid te verminder. Wanneer mense opgelei is, gee dit hulle toegang tot werksgeleenthede en sodoende sal hul eie lewensomstandighede en dié van hulle families verbeter.

'n Geldeelte van die fondse (R8.2 miljard) sal vir die bou van klaskamers aangewend word. Leerders wat in onaanvaarbare omstandighede onderrig ontvang, is geneig om swakker te presteer as leerders in goed toegeruste skole. Die staat poog dus om te verseker dat alle kinders die geleentheid sal hê om onder geskikte omstandighede te leer.

Ander onderwys-verwante areas wat addisionele fondse in die begroting ontvang, is:

- R596 miljoen oor die volgende drie jaar vir Funza Lushaka beurse, dit verskaf beurse aan tot 15 217 onderwysers teen 2013
- R3.6 miljard vir die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema vir addisionele universiteitslenings en beurse
- Om die aantal studente by VOO kolleges te vermeerder, is R1.4 miljard bygevoeg tot die voorwaardelike toekenning oor die volgende drie jaar
- Die staat beursskema vir VOO kolleges ontvang 'n verdere R3.9 miljard

Onderrig is almal se verantwoordelikheid. Die regering kan dit nie alleen doen nie. Leerders , ouers, gemeenskappe en besighede het almal 'n rol om te speel.




## VERBETERING VAN DIE LEWENSKWALITEIT VIR SUID- AFRIKANERS

**Om die lewenskwaliteit van Suid-Afrikaners te verbeter is hoog op die agenda van die regering, om sodoende ń langer en gesonder lewe vir sy mense te verseker. Die 2011 begroting ken R360.6 miljard oor die volgende 3 jaar aan gesondheid toe. Die regering wil ń ten volle funksionerende maatskaplike bestaansbeveiligingsnet in Suid-Afrika skep wat die bekenstelling van die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) insluit. Werk hieraan het reeds begin en die NGV sal binne die volgende 14 jaar uitgerol word.**

ń Stap in die rigting van die NGV is om te begin met die verbetering van primêre gesondheidsorgdienste. Sodanige dienste fokus daarop om te voorkom dat mense siek word, eerder as om mense te behandel as hulle reeds siek is. Om dit te bewerkstellig sal R1.2 miljard bewillig word om gesins gesondheidsdienste te voorsien, bestaande uit verpleegsters, dokters en gemeenskapsgesondheidswerkers wat sal omsien na families in fasiliteite en gemeenskappe. Die fondse sal ook gebruik word om die gehalte van sorg in hospitale te verbeter.

Verdere stappe in die rigting van die NGV sluit in ń NGV afdeling in die Department van Gesondheid se begroting (R8 miljoen), en ń nuwe Gesondheids Infrastruktuur toekenning wat hierdie jaar R1.7 miljard ontvang. Dié toekenning sal gebruik word vir die opbou en instandhouding van mediese fasiliteite.

Die regering se pogings om MIV en Vigs te beveg gaan ook voort. In die begroting word R2.5 miljard meer toegeken aan MIV berading en toetsing, en die uitbreiding van die drempel vir mense wat antiretrovirale (ARV) behandeling kan ontvang. Dit beteken dat die totale aantal persone op ARV behandeling van 1.2 miljoen in 2010/11 tot 2.6 miljoen teen 2013/14 sal toeneem. Moeder en kindergesondheidsdienste sal ook verbeter word, met R1.4 miljard wat vir die opleiding van 400 verpleegsters en vroedvroue, die verbetering van gesondheidsdienste by skole en die verbetering van dienste by moeder en kindersale by distrikshospitale beskikbaar gestel word.

ń Toekenning van R2.7 miljard is gemaak vir die verbetering van gesondheidsfasiliteite en mediese toerusting regoor die land.



Final Afrikaans PGB 2011.indd 2 19/02/2011 16:29